

BEGRAFNISSE

Wat hou die toekoms in?

Sonja Smith was onlangs 'n gasspreker by die SA Funeral Expo, wat by die Sandton Konvensiesentrum in Johannesburg plaasgevind het. Haar tema was "The Funeral Home of Tomorrow", 'n onderwerp waarmee sy goed vertrou is.

Haar vars benadering tot die manier van afskeid neem, sonder die somberheid wat gewoonlik daarmee gepaardgaan, het haar al verskeie kere op nasionale televisie laat beland, onder meer in die gewilde leefstylprogram, *Kwêla*, waartydens Coenie de Villiers die opmerking gemaak het: "Só maak 'n mens mos 'n verskil!"

DIE KLIËNT VAN DIE TOEKOMS

Sonja beklemtoon dat die kliënte van die toekoms heel anders daaruit gaan sien as dit waaraan ons gewoond is. Ons moet verstaan wat hulle behoeftes is en wat hulle nodig het en dan ons dienste daarby aanpas. Dit is uiters belangrik dat daar nie net aan hulle verwagtinge voldoen word nie; jy moet daardie verwagtinge oortref as jy enigsins 'n verskil wil maak.

As eienaar van 'n begrafnisonderneming moet ek op hoogte wees van tendense en nuwe versoeke. Ek moet na my kliënte luister en saám

met hulle verandering beleef, of die risiko loop om agter te bly in 'n veranderende wêreld. Soos ek die tendense raaksien, moet ek aanpas en dit implementeer. Van my beste idees, sê Sonja, het ek by my kliënte gekry.

TEGNOLOGIE VERANDER DIE TOEKOMS VAN BEGRAFNISSE

Tegnologie maak dit makliker om iemand wat gesterf het, se lewe te vier. Begrafnisse kan deesdae elektronies beplan word. Video's of DVD's is baie gewild by gedenkdienste en word gekombineer met die oorledene se gunstelingmusiek, gewoonlik sekulêr van aard. Regstreekse audio- of video-uitsendings van begrafnisse wêreldwyd is ook moontlik, wanneer geliefdes oor die wêreld verspreid is en nie die begrafnis- of gedenkdienste kan bywoon nie.


TENDENSE IN DIE BEGRAFNISBEDRYF

● **BABAS EN KINDERS.** By Sonja Smith Begrafnisgroep se Centuriontak is daar 'n spesiaal ingerigte babakamer waar ouers en familieledes kan kom afskeid neem van babas wat nooit die lewenslig aanskou het nie, of dié wat slegs 'n kort tydjie aan hulle geleen was.

● **AANDBEGRAFNISSE.** Sonja was van die eerste begrafnisondernemers wat aandbegrafnisse in Suid-Afrika bekendgestel het. Dis baie spesiaal, sê sy.

● **LEWENSLÊER.** Maak seker dat al jou wense en opdragte maklik bereikbaar is vir diegene wat na jou sake moet omsien ná jou dood.

Die grootste guns wat jy jousef en jou geliefdes kan bewys, is om 'n lewenslêer te hê waarin al jou persoonlike dokumente gelys is.



Sonja Smith
Besturende
Direkteur van die Sonja
Smith Begrafnisgroep
(www.sonjasmith-funerals.co.za)